



In die aanloop tot die tweede Bondsvergadering van GHG gaan Skietlood ook dien as forum vir bespreking. Dr Malan Storm skryf:

Die Bondsvergadering Junie 2014

Historiese Agtergrond

Tydens die NHKA se 69ste Algemene Kerkvergadering (AKV) is daar besluite geneem wat duidelik daarop gedui het dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) die ou teologiese rigting bekend as die Bybels Reformatoriese, verruil het vir 'n vrysinnige en sosiale teologie.

In reaksie hierop is die beweging steedsHervormers gevorm. 'n Belydende gespreksgroep is gevorm in 'n poging om die nuwe teologiese rigting te stuit en die Kerk tot bekering te roep. Verskeie voorstelle is deur die steedsHervormers voorgelê, selfs die bereidheid om as 'n modaliteit binne die NHKA te bestaan.

Die Kommissie van die NHKA (die Kommissie) het egter anders reageer as waarop die steedsHervormers gehoop het. In sommige gevalle is lidmate van die steedsHervormers onkerkordelik van hulle lidmaatskap ontnem (Hervormde Gemeentevergadering), in ander gevalle is predikante geteiken en is uitsprake gemaak dat lidmate wat met die Kommissie verskil, nie meer lidmate is nie.

Nademaal die gesprek met die Kommissie op mislukking afgestuur het, het verskeie gemeentes hulle organisatoriese gemeenskap (kerkverband) met die NHKA opgesê om as die ware voortsetting van die "ou" NHKA voort te bestaan. In 'n ekstreme poging om die Kommissie en die Algemene Kerkvergadering tot gesprek te dwing, is 'n Staat van Belydenis (SB) uitgereik. Die Kommissie het die SB egter onkerkordelik van die hand gewys.

Tydens Julie 2013 het die 13 onafhanklike gemeentes die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes vergader Bond reeds in Februarie 2013 gestig) om mekaar in die geloofstryd te ondersteun. Ten opsigte van Kerkordelike reëlings was die volgende besluit:

Die GHG

1. is nie die stigting van 'n nuwe Kerk nie. Die Bond bestaan uit onafhanklike gemeentes wat die teologiese tradisie van die NHKA voort wil sit soos tot Oktober 2010;
2. aanvaar die presbiteraal-sinodale kerkregering is die logiese manier van kerkwees;
3. gaan voort om Volkskerk te wees.

Intussen het die 70e AKV van die NHKA tydens sy vergadering van September 2013

1. geen bereidwilligheid getoon om die Staat van Belydenis te bespreek nie.
2. die lede van die Geloofsbond asook die geloofsgenote in die steedsHervormers, as nie meer lidmate van die NHKA verklaar.

Na die besluite van die AKV het die Bond gegroei tot 30 plus gemeentes. Dalk sal dit goed wees om weer na te dink oor veral ons kerkbegrip. Hier volg 'n paar gedagtes:

Die "nuwe" in ons bestaan, is dat die gemeentes wat hulle losgemaak het van die strukturele verbondenheid van die NHKA, hulle self as outonome (dit is onafhanklike) gemeentes (*ecclesia completa*) sien. In 'n sekere sin is ons hier op die voorpunt van 'n nuwe kerklike dimensie van 'n loskom uit kerklike institusionele strukture wat gestol het in die struktuur van ampte en vergaderings. Selfs in die NHKA is daar 'n groep teoloë en predikante wat daarna hunker om te ontkom aan die institutionalisering van die Kerk (sien byvoorbeeld WA Dreyer: *NHKA – Gereed vir die 21e eeu?*).

Myns insiens moet ons versigtig wees om die outonomie van gemeentes nie te ver-
te dryf nie. Ons is outonoom in die sin dat:

- gemeentes nie meer melkkoeie is om
`n topswaar instituut finansieel regop te
hou nie.
- die gemeente die plek is waar die kerk
sigbaar is, werk en diensbaar word.
- ons nie meer oormatige voorskrifte van
meerdere vergaderings het wat ons
kerkwees verstremel tot `n
onbeweeglike struktuur nie.

Dryf ons die outonomie te ver, verval ons
in independisme of kongressionalisme.
Die gemeente word `n grootheid op sigself
met die kerkraad as enigste
regeerliggaam. Die kerkgeskiedenis het
genoeg bewyse dat so `n kerkwees lei tot
verbrokkeling en ernstige uitwasse.

Ons is ook nie vrye kerk nie. Die term
Vrye Kerk het oorspronklik gedui op kerk-
en geloofsgroepe wat hulle losgemaak het
van staatsinmenging en ondersteuning.
Hierdie kerke het later onder die meer
bekende naam Belydeniskerke bekend
gestaan. Volgens dié denke is die
gemeente of liewer die plaaslike kerk die
samtotaal van die wedergebore en
uitverkore lidmate wat op grond van hulle
belydenis vrywillig toetree tot die vrye kerk.
Die plaaslike gemeentes is `n *ecclesia
completa* (volledige kerk), gevorm deur
lidmate wat dieselfde belydenis aanvaar.
Op grond van die belydenis as akkoord
van gemeenskap, vorm die een kerk
(gemeente) met die ander `n kerkverband.
So word die belydenis die basis van die
kerkgemeenskap.

Hoewel so `n kerkbegrip baie aanneemlik
mag lyk, is so kerkbegrip opgebou uit die
bewuste belydenis van die enkeling.
Daarmee word die **genadeverbond**, wat
so `n belangrike onderdeel vorm van die
volkskerk, egter verwerp. Die kerk bestaan
omdat God bestaan. Daarom is die kerk
die **liggaam van Christus**, die Hoof,
waarvan die gelowiges op grond van die
genadeverbond lede is. As die verbond
die basis van die kerk is, word daarin juis
die feit dat Jesus Christus die enigste Hoof
en Heer van die kerk is, onderstreep.

Deelname aan die kerk berus nie subjektief
by die menslike wilsbesluit nie, maar
objektief in die verbond van God in Jesus
Christus, op grond waarvan alle mense
deur sy Woord en Gees tot geloof en
beking geroep word.

Die verbondsmatige basis van die kerk lei
dus daartoe dat die **struktuur** nie doel op
sigself is nie, maar slegs `n **middel tot `n
doel**.

Samevattend sal ek graag wil kies vir `n
kerkbegrip wat ons bestaan min of meer
soos volg sal uitdruk:

Die Geloofsbond se gemeentes is *ecclesia
completa et incompleta* (**volkome kerk
maar ook nie volkome nie**). Saam is al
die gemeentes van die Geloofsbond `n
volkskerk wat in die Afrikanervolk leef, nie
om die volk of volkslewe te sanksioneer
nie, maar om dit in **kritiese solidariteit** en
profetiese appèl van die **Woord** tot `n
verheerliking van God te kersten, en om
ook só die Woord van God na **alle mense**
te laat uitgaan.

Die eenheid van die liggaam van Christus,
die kerk, is waarneembaar in die belydenis
van geloof in God, soos dit uitgedruk is
deur die aanvaarde Belydenisse en
Belydenisskrifte.

Die **Geloofsbond** van Hervormde
Gemeentes wil steeds ook deur `n uiterlike,
sigbare eenheidsverband van ons geloof
wat ons aan die Drie-enige God en mekaar
verbind, **koester en handhaaf**. Daarom
verbind ons as gemeentes van die
Geloofsbond onself om die band wat ons
saambind op geestelike, stoflike en
organisasoriese vlak in stand te hou op al
die maniere waarop ons saam sal
ooreenkom.

JMG STORM